# 10 Jaar
# VAN BIBLIOTEEKREKLAME

1994 2004

JANINE DE VILLIERS
**Reklame en Publikasies**

Die Reklame- en Publikasie-afdeling van die Biblioteekdiens se belangrikste missie is die bevordering van die gebruik van biblioteke en wil deur die publikasie van die **Kaapse Bibliotekaris** (**KB**) en reklameprojekte bibliotekarisse daartoe in staat stel.

### *Agtergrond*

Amptelike biblioteekreklame is al veel langer as tien jaar 'n gegewe! Reeds so lank terug as 1988 het SAIBI, die destydse Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, verklaar dat die derde week in Mei elke jaar Biblioteekweek sal wees en in daardie jaar het die Biblioteekdiens die tema, *Ontdek 'n nuwe wêreld in jou biblioteek*, gebruik om die biblioteke en die dienste wat aangebied word, te promoveer. Nog 'n groot veldtog is in 1990 geloods om die *Jaar van die Leser* te vier. In 1992 het die **Diereplesier** projek se kleurvolle lesende diertjies deur Ian Lusted almal in ekstase gehad. Die dienste vir die verskillende gebruikers in die samelewing is in 1993 uitgebeeld met 'n drie-dimensionele diverse groep karakters wat almal in vervoering gehad het oor die detail waarin die mensies uitgebeeld is en op vele promosie-artikels gebruik is. *Bou 'n nasie van lesers* was die tema van hierdie projek.

## 1994

In 1994 het die soeklig geval op die inligtingsfunksie van biblioteke en die *Inligting vir almal* tema het spesiale klem geplaas op die bevordering van geletterdheid, die inligtingswaarde van materiaal wat nie in boekvorm beskikbaar is nie, gemeenskapsinligting, die inligtingsdiens aan skoliere en studente, asook aan die inligtingsbehoeftes van elke lid van die gesin. Dit is aangevul deur 'n nasionale biblioteeksimposium by die Waterkant in Kaapstad met dieselfde tema, *Inligting vir almal*. Die tema is gebruik op vier **plakkate** in vier tale om biblioteke as inligtingverskaffers te bevorder.

Reklamemateriaal is geproduseer met dieselfde tema en 'n **Doen-dit-self gemeenskapsinligtings-plakkaat** is ontwerp vir biblioteke om hulle eie gemeenskap daarmee voor te stel. 'n **Gemeenskapinligtingsbanier** het die projek aangevul. 'n **Loopbaanplakkaat**, **Naslaanboekie** en **Studieversamelingbanier** het biblioteke in staat gestel om vir studente en skoliere voorsiening te maak. *Internasionale Gesinsjaar* is in 1994 gevier en drie verskillende **plakkate** wat **Gesinne wat lees** uitbeeld, addisioneel tot die Biblioteekweekplakkate geproduseer. 'n Stel **Baniere** in Afrikaans, Engels, Tswana en Xhosa het dit moontlik gemaak vir bibliotekarisse om die gebruik van spesiale versamelings te bevorder soos grootdrukboeke, skoolprojekte, geldsake, ensovoorts.

## 1995

Die jaar 1995 was 'n donker een vir die hegte, opgewekte span in hierdie kreatiewe afdeling. Weens verpligte personeelbesnoeiings, het drie persone die afdeling vaarwel toegeroep, onder andere, een van die twee grafiese ontwerpers. Biblioteekreklame en diens aan biblioteke moes voortgaan onder geweldige druk. Jongmense is weer geteiken met die *Skiet uit met 'n boek!* tema in 1995. 'n **SA Today-banier** en **plakkaat**, **Reconstruction and Development**, was van die publikasies wat aan die begin van die jaar versprei is. Rugby Wêreldbekerkoors het Suid-Afrika beetgepak en die destydse opkomende ster, **Chester Williams,** het gepryk op 'n **plakkaat** om Suid-Afrika se deelname aan hierdie kompetisie te vier. Dit is aangevul deur 'n **Bibliografie** van boeke oor hierdie onderwerp. 'n Glans **Kersplakkaat** wat geskenke onder 'n Kersboom uitbeeld, het die aktiwiteite van hierdie jaar afgesluit.

## 1996

Die jaar 1996 is begin met die verspreiding van 'n **Jaarbeplanner** met die wenkunswerke van kinders wat vir die plakkaatkompetisie ingeskryf het daarop as illustrasies. Bekendes soos **Aartsbiskop Desmond Tutu**, **Claire Jonston**, **Joel Stransky**, **Kole Omotoso** en **Shaleen Surtie-Richards** is op **plakkate**, wat lees bevorder, gebruik vir 1996 se Biblioteekweek. Dit is aangevul deur drie geïllustreerde **plakkate** met dieselfde bewoording.

## 1997


As gevolg van die nypende personeeltekort verskyn die amptelike tydskrif van die Biblioteekdiens, die **Kaapse Bibliotekaris** sedert Januarie 1997 slegs elke tweede maand en word die aantal uitgawes per jaar van tien na ses verminder. Nieteenstaande word steeds voortgegaan om 'n produk van hoë kwaliteit te lewer. In 1997 het kleurvolle reklamemateriaal die boodskap *Smarties lees boeke* verkondig wat lidmaatskap van openbare biblioteke aangemoedig het. 'n **Kersplakkaat** met 'n ontwerp van die Drie Wyse Manne is aan biblioteke versprei.


## 1998

In 1998 is aandag aan die personeelkrisis gegee en die aanstelling van 'n addisionele personeellid het verligting gebring. Inligtingsvaardighede vir volwassenes, leerders, onderwysers en studente is in 1998 aangespreek met die *Kennis is krag* slagspreuk vir Biblioteekweek. As hulpmiddel vir die biblioteekgebruiker om sy weg makliker in die biblioteek te vind, is 'n **plakkaat** met die **Deweyklasse** aan biblioteke beskikbaar gestel. 'n **Inligtingsvaardighede boekie**, **Hoe om inligting in**

## 1994

◁ ▽ *Plakkate met die tema **Inligting vir almal***





## 1995

▽ *'n **SA Today** banier*




## 1996

▽ ***Plakkaat** van die **Bekendes Reeks** met Desmond Tutu*




## 1997


▽ *Boekmerk en plakker van die reeks, **Smarties lees boeke***







## 1998




△ ***Plakkaat** met tema **Doen-dit-self***

▷ ***Kersplakkaat** wat die **Geboorte van Jesus** uitbeeld*



**die biblioteek te vind**, oor die verkryging en gebruik van bronne en inligting het hierdie veldtog sinvol afgerond. 'n **Doen-dit-self-plakkaat** is ontwerp om die manlike lede van die gemeenskap aan te moedig om die biblioteek te gebruik. 'n Drie-dimensionele **Tienerplakkaat** het hierdie moeilike groep gebruikers probeer betrek. 'n Unieke **Kersplakkaat** in die vorm van 'n gebrandskilderde venster wat die geboorte van Jesus uitbeeld, is vir Kersfees ontwerp.

## 1999

'n **Inligtingsbrosjure** waarin die doelstellings van die Biblioteekdiens uiteengesit is, is in 1999 in drie tale gepubliseer. Millenniumkoors en Y2K-vrees het reeds in 1999 almal gaande gehad en dit is ook in die reklamemateriaal van die Diens weerspieël met die slagspreuk, *Jou boekafspraak vir 2000.* Die publiek is verseker dat biblioteke en hul dienste steeds relevant

➪

sou wees in die nuwe millennium. Die baie gewilde **Vrolike/ Olike Boeke plakkaat** wat al baie verouderd was, is herontwerp in 'n nuwe animasiestyl. Die *Jaar van die Ouer Persoon* het as inspirasie gedien vir 'n kleurvolle **Bejaardesplakkaat** oor die wonderwêreld van lees deur die bekende illustreerder, Piet Grobler. Vir sportentoesiaste is daar 'n **Rugby Wêreldbekerplakkaat** ontwerp. 'n Gemengde media collage is geskep om 'n sprokiesmooie **Feetjieplakkaat** te maak. Die gebruiklike Kersplakkaat is weggelaat ten gunste van 'n veeltalige **Jaarbeplanner** vir 2000. Die **Jaarverslag** verskyn vir die eerste keer in Afrikaans, Engels en Xhosa.

## 2000

In 2000 was dit die begin van 'n nuwe millennium en die tema, *Boeke by die miljoene vir die miljoene,* het die boodskap oorgedra dat biblioteke in die inligtingsbehoeftes van die hele gemeenskap voldoen. 'n **Skyfieaanbieding** op die rekenaarprogram, *PowerPoint*, is ontwikkel om die Biblioteekdiens en sy werksaamhede bekend te stel wat die verouderde skyfieprogram vervang het. In hierdie formaat kan die aanbieding ook makliker gereeld bygewerk word. Nog 'n projek was die kumulatiewe **Videokatalogus** wat die besonderhede van alle videomateriaal bevat wat tussen 1994 en 1999 deur die Biblioteekdiensvoorraad opgeneem is. 'n Collage van papier en karton op papier mâché is gefotografeer om 'n **Bedreigde Aarde-plakkaat** te skep. Die **Deweyplakkaat** van 1998 is op openbare aandrang ook in 'n Afrikaans/Xhosa weergawe vertaal en gedruk. Om saam te val met die Olimpiese Spele is 'n **Sportplakkaat** vervaardig. Dit is opgevolg deur 'n **plakkaat** wat **Wêreldgodsdienste** uitbeeld. 'n Uiters treffende **Dwelm en Misdaadplakkaat** in die vorm van drie-dimensionele gemengde media collage het voldoen in die versoeke vir 'n plakkaat oor die gevare van dwelms en misdaad. 'n **Tegnologie-plakkaat** waarvoor 'n robotfiguur gebou is, is vir gebruik in die kinderafdeling geproduseer. Op openbare aandrang is weer 'n **Jaarbeplanner** vir 2001 geproduseer.

Een van die hoogtepunte van die jaar was die loodsing van die **Tuisblad**, *www.westerncape.gov.za/library,* van die Biblioteekdiens waarvoor hierdie afdeling ook verantwoordelik is. Die tuisblad bevat 'n breë oorsig van die werksaamhede van die Biblioteekdiens en het ook skakels na die adreslyste van openbare biblioteke, die jaarverslag, Webpals, sowel as die Internet weergawe van die **KB**.

## 2001

Die jaar 2001 sien die verskyning van **Bhuki**, 'n klein karaktertjie wat spesiaal vir die Biblioteekdiens geskep is om boeke en lees by jong lesers te bevorder. Bhuki verkondig *Boeke maak cool vriende!* en hou sedertdien die hele Wes-Kaap se bibliotekarisse en gebruikertjies in die palm van sy vet, groen handjie. Ander publikasies het ingesluit 'n **Klassieke Kinderverhaalplakkaat** in waterverf, 'n **Kersplakkaat** wat hoofsaaklik bestaan uit 'n drie-dimensionele engel, 'n **Kunshandwerkplakkaat** wat foto's bevat van elemente wat benodig word hiervoor en 'n **Jaarbeplanner** vir 2002. 'n **Seminaar** oor die **Bevordering van lees** by Milnerton Openbare Biblioteek is bygewoon deur bibliotekarisse van oor die hele provinsie en het aan hulle die geleentheid gebied om met ander bibliotekarisse te skakel.

## 2002

Weens sy wegholsukses word **Bhuki** weer in 2002 ingespan en nooi kinders: *Wees 'n Bhuki pêl* om so die waarde van boeke in hul lewe te ervaar.

'n **Videokatalogus** wat alle besonderhede bevat van videomateriaal wat gedurende 2000 en 2001 deur die Biblioteekdiens in die voorraad opgeneem is, ontsluit die nuutste video-aanwinste. 'n **Vroueplakkaat** in gouache is versprei vir uitstallings ter viering van Vrouedag. 'n **Monsterplakkaat** is geproduseer om saam met uitstallings te gebruik oor rillers, grillers en fantasie. Die **Kersplakkaat** van 2002 bestaan uit drie-dimensionele Kersbome wat uit papier gebou is en saam met 'n metaalwerk element gefotografeer is om 'n Afrika atmosfeer weer te gee. 'n Helderkleurige **Jaarbeplanner** vir 2003 is afgerond met kleurvolle illustrasies van Piet Grobler. 'n Stel van ses A3-grootte **plakkate** gebaseer op die **Voorbladontwerpe** van die **KB** deur Piet Grobler in gemengde media rond die aktiwiteite van 2003 af. Die plakkate beeld die temas *Opera, Kinderlektuur, Kunsvlyt, Letterkunde, Beeldende Kunste* en *Musiek* uit.

## 2003

In 2003 word Biblioteekweek op aanbeveling van LIASA en met die ondersteuning van die Biblioteekdiens verskuif sodat 20 Maart in Nasionale Biblioteekweek val. Hierdie datum is belangrik in die Suid-Afrikaanse geskiedenis omdat dit die datum is waarop die totstandkoming van die eerste openbare biblioteek geproklameer is. Sodoende word alle biblioteke, gebruikers en potensiële gebruikers in 'n ware Nasionale Biblioteekweek geakkommodeer.

Vir die eerste Maart Biblioteekweek word volwassenes en jong volwassenes in 2003 bewus gemaak van *Jou reg om te lees.* Vir die eerste keer is 'n **radioveldtog** bestaande uit 'n advertensieklingel in drie tale by verskillende radiostasies gebruik om die publiek bewus te maak van Biblioteekweek. Ander publikasies was 'n **Gesonde liggaam-plakkaat** en 'n **plakkaat** oor **Rampe**. Die **Jaarbeplanner** word as standaarditem aanvaar en 'n besondere beplanner is vir 2004 geskep gebaseer op die treffende ontwerpe in modelleerklei op die **KB** voorblaaie van 2003.


## 2004

Vanjaar word die tien jaar van demokrasie boodskap aan Biblioteekweek gekoppel met twee kleurvolle plakkate. **Bhuki**, met 'n landsvlaggie in sy handjie en 'n nuwe maatjie wat oor sy skouer loer, moedig lesertjies aan: *Lees en ontdek*. 'n Aktiwiteitsboekie in drie tale, die **Bhuki Boek**, bevat ook aktiwiteite soos die inkleur van die landsvlag en die woorde van die Nasionale Volkslied om hierby aan te sluit. 'n Addisionele **plakkaat**, **Lees...en ontdek demokrasie** vul die veldtog aan.

Reklame en dienslewering is dus al veel langer as tien jaar 'n prerogatief vir hierdie toegewyde span met 'n besondere werksetiek. Niemand is te belangrik om swaar kartondose te dra sodat dit betyds by 'n biblioteek afgelewer kan word of iewers op te klim om 'n plakkaat vas te plak nie. Dit gaan uiteindelik om die groter doel: sodat alle inwoners van die Wes-Kaap die dienste in openbare biblioteke kan benut waar toegewyde bibliotekarisse regstaan om in hulle inligtingsbehoeftes te voldoen.

1994
2004







## 1999

◁ ***Bejaardesplakkaat*** *geïllustreer deur die bekende Piet Grobler*

◁ ***Plakker*** *van die reklamemateriaal met die tema* ***Jou boekafspraak vir 2000***






## 2000

▷ ***Dwelm en Misdaad-plakkaat***

▽ ***Plakker*** *met die tema,* ***Boeke by die miljoene vir die miljoene***







## 2001


△ ***Jaarbeplanner*** *vir 2002*

◁ ***Boekmerk*** *vir Biblioteekweek met Bhuki wat sê:* ***Boeke maak cool vriende***

## 2002

▷ *'n* ***Vroueplakkaat***







## 2004

▷ *'n Nuwe maatjie vir Bhuki in hierdie* ***plakkaat - Lees en ontdek***

## 2003

△ ***Jou reg om te lees*** *was die tema vir dié* ***boekmerk***